

Dinsdag 6 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:1-5, 9, 10

Jy is 'n lewende steen!

God roep uit die duisternis tot die lig deur die kosbare bloed van Christus (1:19). Hy skenk die wedergeboorte in die hart en lewe van sy kinders (1:23).

Wat vra God van jou as wedergebore kind van Hom? Lewe elke dag soos sy verlose kind! Leef jou roeping as Christen met krag en oortuiging uit in tye waar alles in ons land so hooploos lyk!

Petrus beklemtoon eers 'n baie belangrike aspek van hierdie roeping: Begin by jouself en hou op met elke vorm van kwaad, alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterij (2:1). Dit is 'n oproep tot bekering. Breek met die sondige praktyke in jou lewe, want alleen so kan jy jou lig laat skyn in 'n hooplose wêreld.

Die positiewe eis is: Voed jou met die melk van die Woord. Verlang daarna soos 'n pasgebore babatjie na die ware, onvervalste moedersmelk ... en kom na Jesus Christus toe, die Lewende Steen wat deur die mense afgekeur is. "Kom na Hom toe ..." (2:4) en laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis (2:5). Hy het jou as lewende steen in sy ewige Godsgebou "ingemessel".

Twee dinge is belangrik:

- Dank die Here elke dag dat Hy jou met sy kosbare bloed verlos het uit jou sinlose en sondige bestaan. Jy is nou deel van sy koninklike priesterdom en jy is afgesonder as sy eiendomsvolk. Jy is 'n lewende steen in sy huis waarvan Hy die hoeksteen is, die belangrikste steen waarop die hele gebou rus.
- Verkondig hierdie wonder, die evangelie van verlossing deur Jesus Christus (2:9), aan 'n hooplose wêreld en lewe as 'n hoopvolle, heilige priesterdom in 'n hooplose wêreld! Laat jou lig as 'n lewende steen van Jesus Christus helder skyn! Ons koerslose land het 'n diep behoefte hieraan!

Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)